

# Vrou in 'n tweede huwelik – jy het regte

Praat met mekaar oor nadoodse onderhoud

Nico van Gijsen



Raad met jou rande

**M**y vrou glo, want sy lees hierdie soort navorsing, dat mense wat gelukkig getroud was, geneig sal wees om sommer gou ná een se dood weer te trou.

Ek is natuurlik glad nie oorhaastig om met dit as maatstaf haar huweliksgeluk te meet nie.

Baie mense vind gou weer nuwe liefde en geluk ná 'n lewensmaat se dood. En trou weer, of trek by mekaar in as permanente lewensmaats.

Dit is reg so. En dit is mooi. Dit eindig net nie altyd so gelukkig nie. Veral as daar kinders uit 'n vorige huwelik is.

'n Leser skryf sy is in so 'n tweede huwelik.

Sy weet nie hoe lyk haar man se testament nie. Hy het volwasse kinders wat hy wil laat erf. Sy weet die seun is aangewys as eksekuteur. Die seun is haar reeds nie vriendelik gesind nie.

Sy is bekommerd. Wat gaan met haar geure as haar man sterf?

Ek kry te veel soortgelyke briewe van vroulike lesers – soms as dit te laat is om advies te gee – vir my om dit nie as 'n werklike probleem te sien nie.

Die goeie nuus is, nie alles is verlore nie. Jy het regte.

So 'n huwelik of saamwoon, bring verantwoordelikhede. 'n Wedersydse verpligting op onderhoud en versorging. 'n Punt wat ek meen sommige mans dalk mis.

## Ken jou regte

Moenie jou te veel steur aan die Bybelse belofte van “tot die dood ons skei” nie. Dit eindig nie daar nie. Dood is ver van finaal as ons onderhoud en versorging praat.

Ek kyk eers na 'n oplossing vir dié wat vir 'n tweede vrou wil sorg ná dood. En dan na oplossings vir die vrou as daar nie genoegsaam voorsiening gemaak is nie.



'n Tweede huwelik kan tot baie geluk lei, maar ongelukkig ook toekomstige finansiële onmin. | FOTO: ISTOCK

## Meer beleggingsgroei en minder belasting?

Die week se beleggingsyfers wys weer dat jy in groei-bates moet belê.

Die alle aandeel-indeks het die afgelope jaar 19,3% groei opgelewer en die top-40-aandeel 22,4%. Nywerheidsaandeel het met die louere weggestap met 32,7% groei.

Wat meer is, die belasting op hierdie groei-bates is minder. Jy betaal kapitaalwinstbelasting (KWB) op aandeelgroei (wanneer jy dit van die hand sit).

Jy het 'n jaarlikse KWB-vrystelling van R40 000. Jy betaal net belasting op 40% van jou “wins”, wat in werklikheid tussen 0% en 18% se belasting beteken.

En dan verdien jy boonop dividende wat teen net 20% belas word.

'n Mens kan verstaan dat mans met kinders uit 'n eerste huwelik graag die kinders wil bevoordeel ná sy dood. Maar deur weer te trou het jy 'n nuwe verpligting aangeneem. Een wat jy nie sommer kan ignoreer nie.

Genoeg lewensdekking is 'n oplossing om vir jou nuwe vrou voorsiening te maak. Dan kan jy jou ander bates aan jou kinders bemaak en almal is gelukkig. Of as jy genoeg geld op belegging het, reël dat dit, of 'n deel daarvan, na haar vererf vir onderhoud.

Jy kan selfs as 'n voorwaarde in jou testament stel dat as sy die polisdag aanvaar, sy nie verder teen die boedel sal eis nie.

Belangrik hier is om soos twee volwasse wat vir mekaar omgee die saak te bespreek. Ek meen 'n groot oorsaak van geldprobleme wat in 'n hof eindig, opgelos sou kon word met minder beteweterigheid en meer gesels. Respek.

Goed, wat as daar nie voorsiening gemaak is nie? Man is dood en daar is kinders wat jou nie goedgesind nie.

Vergelyk dit nou met rentebeleggings wat jou tans so rondom 8% per jaar bied. En ná jou jaarlikse rentevrystelling word jy op die volle “wins” belas teen jou marginale koers – tot 45%.

Kortom, as jy groei verlang, dink verder as rente.

Dit bring my by vertede week se brokkie hier oor rente en belasting.

Ek het verlede week in 'n onbe-waakte oomblik in my belastingvoorbeld die som op die kapitaal en nie op die rente toegepas nie.

Ek dink almal kon dit sien. Belasting word tog gehou op groei, nie op die kapitaal self nie.

Nietemin, jammer vir die glips. En dankie aan die lesers wat dit uitgewys het.

Nog raad

En dan “bevries” die bank ook nog die rekening. Hoe oorleef jy?

Baie mense is erg bekommerd oor boedels wat “bevries” word by die dood van byvoorbeeld die man.

Dit is nie so erg nie. Of behoort nie te wees nie.

Die Boedelwet (Wet 66 van 1965) maak voorsiening vir die bona fide-besikking van eiendom van die oorledene vir 'n toepaslike begrafnis. En die voorsiening vir onderhoud van sy familie of huishouding.

En verder, enigeen wat nie hieraan voldoen nie, kan, benewens enige straf-sanksie, ook verantwoordelik gehou word vir die boedelbelasting betaalbaar ten opsigte van daardie eiendom.

Dit geld voordat die eksekuteur aange-stel is.

Nadat die eksekuteur aangestel is, bepaal die wet dat die eksekuteur met instemming van die meester van die hof, geld uit die boedel beskikbaar mag stel vir die onderhoud van die oorledene se familie of huishouding.

Die aanwys van 'n seun in die testa-ment is van minder belang hier.

Die meester van die hof doen ekseku-teurstaansellings en die seun gaan waar-skynlik op aandrang van die meester 'n kundige moet kry om die boedel te admi-nistreer. My punt hier is dat die seun hoogstens 'n irritasie kan wees, hy hoef nie jou lewe te reël nie.

## Ook vir permanente lewensmaats

Verder is daar die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades (Wet 27 van 1990) wat jou die reg gee op 'n eis teen die boedel.

Dit is 'n eis om redelike onderhoud tot by die dood van die oorlewende gade, of tot by hertrou, in die mate wat sy nie vir haarself kan sorg nie.

Dit het dieselfde regs-krag as 'n eis om onderhoud van 'n minderjarige kind.

Die eis het voorheen net gegeld vir mense wat in 'n formele huwelik was. Maar die hooggeregshof in Kaapstad het in die saak Bwana vs. die Meester (2022) bepaal dat permanente lewens-maats ook hierdie beskerming verdien.

Die hof het toe bepaal dat die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades voortaan moet lees asof die definisie van 'n “gade” sal insluit 'n persoon in 'n permanente lewensvennootskap waarin die vennote 'n wedersydse plig op onder-houd aangegaan het.

Die uitspraak is kort daarna deur die konstitusionele hof bekragtig.

Kortom, as jy jou in 'n situasie bevind soos ons leser hierbo – jy het regte.

Dit is altyd beter om hieroor te gesels en saam 'n plan te maak. Maar ek besef ook, want ek sien dit, nie almal is oop vir gesprekvoering nie. Dit is dan dat jy op jou regte staan. Jy hoef jou nie deur kin-ders te laat boelie nie.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en is 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.